


Bekendstelling by skole

Riglyne vir Transvaal Januarie 2017 veldtog



Die
Voortrekkers

Inhoudsopgawe

1	Inleiding	3
1.1	Doelwit.....	3
1.2	Kritiese suksesfaktore.....	3
2	Vorbereiding	4
2.1	Identifiseer hulpbronne per skool binne die oord of kommando	4
2.1.1	Skakelpersoon.....	4
2.1.2	Video-aanbieder	4
2.1.3	Oueraandspreker.....	4
2.1.4	Video-redigeerder	4
2.1.5	Hulp.....	4
2.2	Maak videos	4
2.2.1	Watter materiaal om te gebruik.....	4
2.2.2	Watter materiaal om nie te gebruik nie.....	5
2.3	Berei belangstellingsbriefie voor	5
2.3.1	Inligting in die brief vir die ouers.....	5
2.3.2	Inligting in skeurstrokke	5
2.4	Kry materiaal bymekaar	6
3	Wys video vir kinders	7
3.1	Wie en waar?.....	7
3.2	Wat?.....	7
3.3	Die gesprek met die kinders.....	7
3.3.1	Voorbeeld vir voorafgesprek	7
3.3.2	Voorbeeld vir nagesprek.....	8
3.3.3	Deel belangstellingsbriefies uit.....	8
4	Oueraand.....	9
4.1	Praatjie met ouers.....	9
4.1.1	Onthou die volgende.....	9
4.1.2	Wees voorbereid.....	9
4.1.3	Element van praatjie	10
4.2	Voorbeeldpraatjie.....	10
5	Opvolg en Metings	12

1 Inleiding

Hierdie is 'n kort opsomming van die veldtog wat jaarliks in Transvaal bedryf word in die eerste twee weke na die skole open in Januarie. Daar word verwag dat ALLE kommando's hieraan deelneem.

1.1 Doelwit

Die doel van die kampanje is om:

1. aan soveel kinders as moontlik te wys wat Voortrekkers doen d.m.v. video's, hulle aan te moedig en te help om by Die Voortrekkers aan te sluit en terselfertyd die beeld van Voortrekkers onder die kinders te bou.
2. om in dieselfde tyd hulle ouers te bereik met die boodskap oor waarom Voortrekkers vir hulle kinders belangrik is en die ouers te vra om derhalwe nie die kinders die geleentheid te weier nie en terselfertyd die beeld van Voortrekkers onder die ouers te bou.
3. Om in Januarie 2017, 82 000 kinders en hulle ouers op hierdie wyse te bereik.

Dit is belangrik om te besef dat die hoofteikenmerk die skole is waar ons reeds Voortrekkers het en dat kinders in al die grade in die skool geteiken behoort te word.

1.2 Kritiese suksesfaktore

1. Die video's moet verkieslik materiaal bevat wat uit die plaaslike kommando kom en wat aktiwiteite uitbeeld wat die plaaslike kommando se kinders gedoen het, aangesien dit tipies is wat die kind in sy/haar kommando kan verwag. Die video moet tussen 3 en 5 minute lank wees.
2. Die video's moet aan al die kinders tydens 'n saalopening of ander geleentheid by die skool waar almal teenwoordig moet wees.
3. Kinders moet 'n belangstellingsbriefie kry wat hulle ouers moet invul. Dit is belangrik dat kinders ook vertel word wat hulle met die briefie moet doen om aan te sluit. Dit sal tipies behels dat hulle die briefie iewers by die skool moet gaan inhandig.
4. Die ouers moet binne dieselfde twee dae periode of maksimum 'n week ook bereik word tydens 'n oueraand met 'n boodskap wat deur 'n geloofwaardige persoon in die gemeenskap (kommandoleier of offisier) wat fokus op waarom Voortrekkers belangrik is vir 'n kind se ontwikkeling. Ouers moet tydens hierdie geleentheid ook 'n kopie van die inligtingstuk vir ouers: "Gun jou kind 'n beter kans" in die hand kry.
5. In uitsonderlike gevalle, waar dit absoluut onmoontlik gemaak word om direk met die ouers te praat, kan dit oorweeg word om ouers op 'n ander manier te bereik. Dit mag egter slegs in oorleg met GK Bemaking gedoen word, om te verseker dat die ouers wel die boodskap gaan kry. Sulke alternatiewe sal afhang van die kommunikasiemetodes van die skool met die ouers. Alternatiewe metodes behoort in elk geval aangewend te word sover moontlik.
6. Die afhaal van die belangstellingsbriefies by die skool, die spoedige opvolg van die belangstellendes en die spoedige inkorporering in 'n span is ook van kritiese belang.

2 Voorbereiding

2.1 Identifiseer hulpbronne per skool binne die oord of kommando

Die volgende persone is betrokke wees by 'n poging by elke skool wat geïdentifiseer is.

2.1.1 Skakelpersoon

Die skakelpersoon is die persoon in 'n kommando of oord wat met die betrokke skool skakel en die geleentheid moet onderhandel. Hierdie persoon sal tipies een of meer van die ander rolle in hierdie paragraaf ook vervul.

Die skakelpersoon is verantwoordelik dat die persone wat betrokke is by die poging by 'n skool aangewys is, ingelig is oor tye wanneer hulle wat, waar moet doen en seker maak dat daar voldoende inligtingstukke vir ouers en belangstellingbriefies is. Die persoon is ook verantwoordelik om toe te sien dat die voltooid belangstellingsbriefies afgehaal en opgevolg word.

2.1.2 Video-aanbieder

'n Video-aanbieder is 'n persoon wat tydens een of meer saal-openinge 'n kort gesprek (2 min) met die kinders gaan hê en die video gaan wys of laat wys. Dit is ook die persoon wat aan die kinders gaan vertel wat hulle met die belangstellingsbriefies wat tydens saalopening oorhandig word moet maak.

2.1.3 Oueraandspreker

'n Persoon wat tydens die oueraand met die ouers gaan praat.

2.1.4 Video-redigeerder

'n Persoon of persone wat die sjabloonvideo's met behulp van "Windows MovieMaker" en foto's vanaf die plaaslike kommando gaan aanpas en omskakel na "gekommandofiseerde" video's. So 'n persoon moet 'n rekenaar hê en effens rekenaarvaardig wees. 'n Kort handleiding wat die proses verduidelik sal aan hierdie persone verskaf word. Die sjablone sal deur die gebied verskaf word. Daar sal 4 sjablone wees: GrO-3, Gr4-7, GrO-7 en Gr8-12. Die skakelpersone sal volgens die formaat van saalopeninge by 'n betrokke skool besluit watter van hierdie vir die skool vanpas sal wees.

2.1.5 Hulp

Persone wat tydens alle of enige oueraand gaan teenwoordig wees in formele drag om te help om inligtingstukke by die deure uit te deel, of tydens saalopeninge help om belangstellingsbriefies uit te deel.

2.2 Maak videos

Kommando's en oorde kan hulle eie videos maak, of kan die sjablone gebruik en dan hulle eie foto's of beeldmateriaal gebruik.

2.2.1 Watter materiaal om te gebruik

- Gebruik net Afrikaanse musiek in die video.
- Gebruik hoofsaaklik aksiefoto's en beeldmateriaal.
- Gebruik foto's waarin mense glimlag of lag.
- Groepfoto's behoort slegs gebruik te word as dit op 'n spesiale plek (bv. by 'n monument of 'n waterval) afgeneem is wat duidelik sigbaar is.

- Probeer om 'n wye verskeidenheid van Voortrekkeraktiwiteite wat deur die plaaslike kommando uitgevoer is ten toon te stel.

2.2.2 Watter materiaal om nie te gebruik nie

- Foto's van 'n persoon wat nie besig is met 'n aksie nie, tensy dit duidelik uit die persoon se voorkoms blyk dat die persoon sopas met 'n aksie klaar is.
- Vermy foto's waar mense nie lag nie, tensy dit ooglopend uit die foto is dat die omstandighede formeel of ernstig is.
- Enige kleredrag (soos byvoorbeeld weermagdrag of bruin oorpakke) of aksies wat as militaristies gesien kan word as die konteks nie verstaan word nie. Dit sluit in enige gebare wat soos 'n vreemde saluut kan lyk.
- Elke foto of video behoort beoordeel te word deur iemand wat nie die konteks waarin die materiaal geskep is verstaan nie.

2.3 Berei belangstellingsbriefie voor

Elke kind wat belangstel moet 'n belangstellingsbriefie kry. Die briefie moet 'n afskeurstrokie bevat wat ouers kan invul, afskeur en terug besorg by die skool, sodat die Skakelpersoon dit daar kan afhaal.

Indien addisionele inligting op 'n elektroniese manier aan ouers beskikbaar gestel word, kan die kommando oorweeg om slegs 'n verwysing na die addisionele inligting op die briefie te plaas om die hoeveelheid papier wat gebruik word te verminder.

2.3.1 Inligting in die brief vir die ouers

Die volgende inligting moet op die brief verskyn:

1. Telefoonnommer van AKL Admin of AKL Bemaking of iemand anders wat deur die kommando aangewys is om vrae in hierdie tyd te beantwoord.
2. Aksies wat geneem moet word sodat die skeurstrokie by die korrekte afhaalpunt besorg kan word.
3. Wat ouers verwag gaan gebeur na hulle die strokie besorg het (byvoorbeeld hulle sal telefonies gekontak word of 'n e-pos ontvang).
4. Die datum, tyd, plek, kleredrag en enige ander noodsaaklikhede vir die kommando-opening of ander eerste aktiwiteit waar inligting aan die ouers oorgedra gaan word.
5. Maak dit duidelik dat die ouer slegs aandui dat hulle belangstel in meer inligting en dat hulle nie hulle kinders inskryf deur die briefie te voltooi nie.
6. Addisionele inligting (op briewe as daar nie 'n verwysing na 'n adres op die Internet is nie):
 - a. Inleiding oor Voortrekkers en die plaaslike kommando.
 - b. Daar behoort verwysings na <https://voortrekkers.co.za/> te wees.
 - c. Daar behoort verwysings na <https://voortrekkers.co.za/hoe-werk-die-voortrekkers/> te wees.
 - d. Daar kan ook na 'n brief op die skool se webtuiste verwys word.
 - e. Kontakinligting vir individuele spanoffisiere mag ook verskyn as die kommando so besluit en spanoffisiere toestemming gee. Die nadeel is dat dit moeiliker is om te meet wat die reaksie was aangesien die navrae nie deur een punt kom nie.

Vermy alle terminologie wat kennis van Die Voortrekkers vereis om in konteks te plaas: byvoorbeeld Penkop, Drawwertjie, Verkenner, Kommando (Voortrekkerkommando kan gebruik word), Offisier (tensy spanoffisier gebruik word) ens. Wanneer u twyfel of die woord korrek verstaan gaan word, vermy dit.

2.3.2 Inligting in skeurstrokie

1. Ouer se naam en van.
2. Ouer se titel.

3. Ouer se telefoonnommers waar hulle deur die dag en aand gekontak kan word.
4. Ouer se e-pos adres.
5. Lys van ouer se kinders wat moontlik sal belangstel (maak voorsiening vir 4 of 5 kinders).
 - a. Kind se naam en van.
 - b. Kind se graad.
 - c. Kind se ouderdom.
 - d. Kind se geslag.
6. Ouer se handtekening en datum (om te probeer verhinder dat kinders self invul).

2.4 Kry materiaal bymekaar

Vir elke skool maak seker die volgende is in plek ongeveer 'n week voor die aksie:

1. Video(s) op geheuestokkie of ander geskikte formaat.
2. Toegang tot rekenaar/DVD speler en projektor by skool, of eie toerusting.
3. Klankstelsel gekoppel aan speler by skool of eie klankstelsel.
4. Voldoende Ouer inligtingstukke: "Gun jou kind 'n beter kans". Raam hoeveel kinders se ouers bereik gaan word met 'n gesprek by die skool. Dit mag verskil van skool tot skool. Wanneer op oueraande gepraat word, verwag ongeveer 100% van Graad O en 1's se ouers. As daar oueraande vir Graad 2 en 3 is waar onderwysers ontmoet word, verwag ongeveer 80% van die kinders se ouers om op te daag. Graad 4's wat begin klasse wissel sal ook hoog wees. Ander grade kan aansienlik minder wees. Wanneer die hele skool se ouers deur oueraande bereik word, kan 'n mens werk op helfte van die aantal kinders in die skool as die aantal inligtingstukke benodig.
5. Voldoende belangstellingsbriefies. Die volgende word tipies benodig:
 - a. 1 briefie vir elke kind in Graad O tot 3 wat bereik word met die video.
 - b. 40% van die aantal kinders wat bereik word met die video in Graad 4 tot 7.
 - c. 20% van die aantal kinders wat bereik word met die video kinders in Graad 8 tot 12.

3 Wys video vir kinders

Die video word aan al die kinders in die skool (of in spesifieke grade) gewys. Dit is belangrik dat hierdie nie net gewys word aan almal wat op 'n uitnodiging reageer nie, maar selfs aan die wat dink hulle sal nie belangstel nie.

3.1 Wie en waar?

1. Elke skool se saalopening of ander geleentheid verskil. Party skole het verskillende saalopening vir verskillende grade. Party hoërskole laat die video tydens 'n forumperiode wys en nie tydens saalopening nie. Dit is belangrik om te weet presies watter grade teenwoordig gaan wees.
2. Dit is belangrik dat die Video-aanbieder vooraf bevestig dat daar toerusting beskikbaar is waarmee die video vertoon en die klank gespeel gaan word.
3. Daar behoort een hulp saam met die video-aanbieder na die skool te gaan, sodat die voorbereiding en toets dat die video vertoon kan word uitgesorteer word sonder dat die hoof of onderwyser wat Die Voortrekkers ontvang, afgeskeep voel.
4. Beide die video-aanbieder en hulp behoort in formele drag geklee te wees.

3.2 Wat?

Die volgende vorm tipies deel van 'n video-aanbieding na die aanbieders by die skool se kantoor aanmeld.

1. Gesprekke oor koeitjies, kalfies en Voortrekkers tussen die video-aanbieder en die skoolhoof of ander persoon wat deur die hoof aangewys sal word om die aanbieders by te staan.
 - 1.1. Dit is belangrik om kort na die groet aan te dui dat die span wil bevestig of die video gespeel kan word. Die skool sal dan gewoonlik die onderwyser of kinders wat verantwoordelikheid vir klank en beligting opspoor.
 - 1.2. Die video moet verkieslik getoets word voor die kinders in die saal ingaan.
 - 1.3. Daar sal ook met die hoof of adjunk-hoof wat die saalverrigtinge lei bevestig word wanneer in die saalverrigtinge Die Voortrekkers 'n geleentheid kry.
 - 1.4. Daar sal altyd eers 'n opening met skriflesing en gebed wees.
2. Die persoon wat die verrigtinge lei, sal Die Voortrekkers aankondig.
3. Die video-aanbieder praat so 2 minute as inleiding tot die video. Verwys na 3.3 vir inhoud van die gesprek.
4. Die video word vertoon.
5. Die video-aanbieder praat weer 1 minuut om vir kinders te verduidelik van die skeurstrokies en wat hulle daarmee moet maak. Verwys na 3.3 vir inhoud van die gesprek.
6. Weer gesprekke oor koeitjies, kalfies en Voortrekkers met die hoof. Partymaal is koffie ook betrokke.

3.3 Die gesprek met die kinders

Daar is twee gesprekke: voor die video en na die video.

3.3.1 Voorbeeld vir voorafgesprek

Die voorafgesprek het twee doelwitte:

1. Verbind dit wat Die Voortrekkers bied aan die opening met skriflesing en gebed.
2. Betrek die kinders deur hulle te laat hande opsteek op direkte vrae.

Die gesprek met Graad O tot 3 en selfs tot 7 kan tipies soos volg verloop (as die aanbieder nie die stuk wat uit die Bybel gelees is kan koppel nie).

“Môre seuns en dogters”. Môre Oom.

“Wie van julle weet wat Die Voortrekkers is?” Kry net ‘n idee oor hoeveel hulle weet deur vinnig na hande te kyk.

As dit ‘n skool is waar daar nie Voortrekkers is nie, kan hier so ‘n ietsie oor die beweging met die naam Voortrekkers gesê word soos dat dit al 83 jaar oud is. As daar reeds Voortrekkers is, vra:

“Wie van julle is Voortrekkers”. Hierdie is net sodat ander kinders kan sien daar is Voortrekkers.

“Wie van julle wil graag gelukkig wees?”. Almal steek hande op.

“Dis fantasties! Het julle geweet dat God (Jesus) ook wil hê dat jy gelukkig moet wees? In die Bybel vertel hy hoe ons moet lewe om gelukkig te wees.

Maar dit is nie genoeg nie...

Wie van julle doen sport of sing koor?” Almal steek hande op.

“Fantasties! Nou wie van julle gaan doen sport of sing koor sonder om ooit te oefen?” Niemand steek hande op.

“Dis reg! Jy kannie deur net ‘n boek te lees goeie rugby of netbal speel of mooi sing nie, jy MOET oefen.

In Die Voortrekkers oefen ons om gelukkig te wees deur te leef soos God vir ons in Die Bybel sê. Hier is ‘n video wat vir julle wys van ‘n paar dinge wat ons in Die Voortrekkers doen.”

3.3.2 Voorbeeld vir nagesprek

Die nagesprek het twee doelwitte:

1. Laat die kinders hande opsteek dat hulle wil aansluit.
2. Lig die kinders in oor die briefies, skeurstrokies en wat hulle daarmee moet doen..

Die gesprek kan tipies soos volg verloop sodra die video klaar is:

“Wie van julle sal graag wil doen wat hierdie kinders in Die Voortrekkers doen?” Doen ‘n vinnige persentasieskatting van die hande en let op die verhoudings vir die verskillende grade. Gewoonlik sit kleintjies voor en grotes agter.

“Ons het hierdie belangstellingsbriefie”. Hou ‘n briefie in die lug. “As jy hierdie dinge wil doen, moet jy so ‘n briefie neem wanneer jy by die saal uitstap. Ons sal by die deure staan. Jy moet dan die briefie vir jou ma of pa gee en vir hulle sê jy wil ‘n Voortrekker word, sodat hulle dit invul en dan moet jy die skeurstrokie by die tannie by die kantoor kom ingee. Ons sal dit daar gaan haal en dan jou ma of pa bel.

Baie dankie Mnr”

3.3.3 Deel belangstellingsbriefies uit

Deel die briefies by die deure uit. As ‘n hulp saamgaan, is daar twee, maar daar is gewoonlik ook ‘n paar onderwysers of prefekte wat ook somer inspring om te help.

4 Oueraand

Die oueraand self het gewoonlik die volgende elemente:

1. Ouers wat opdaag by die oueraand, kry een ouerinligtingstuk "Gun jou kind 'n beter kans" per ouerpaar. As u ander literatuur wil oorhandig (soos kommandojaarblad van vorige jaar of brief aan ouers) kan dit saam oorhandig word. Hierdie moet verkieslik aan ouers uitgedeel word wanneer hulle die saal binnegaan deur volwassenes in formele drag, of indien daar nie genoeg volwassenes is nie, Verkenners in formele drag.
2. Die praatjie met ouers.

4.1 Praatjie met ouers

Die praatjie met ouers deur die Oueraandspreker is die een aktiwiteit wat die meeste offisiere afskrik. Dit is verstaanbaar aangesien die vrees om voor mense te praat een van die ergste vrese is wat 'n mens kry. Indien die ouerspreker nog aan hierdie vrees lei, beteken dit die spreker het nog net nie genoeg voor volwassenes gepraat nie. Een manier om dit teen te werk, is om die praatjie dan eers aan mede-offisiere te maak om sodoende meer gemaklik te raak daarmee. 'n Mens kan dit ook in 'n een-tot-een situasie gebruik voor die praatjie met al die ouers.

4.1.1 Onthou die volgende

1. U gaan nie die ouers probeer oortuig om hulle kind by Die Voortrekkers te kom inskryf nie. U gaan hulle vra om nie hulle kinders wat wil aansluit (na die video) die geleentheid te weier nie.
2. Die geleentheid wat Die Voortrekkers die kind gaan bied is amper onmeetbaar in waarde vir die kind. As u nie die ouer kan oortuig om die kind toe te laat nie, is dit moontlik dat hierdie kind 'n baie ongelukkiger lewe gaan lei as andersins. Tot 'n mate pleit u dus vir 'n kind se lewe of geluk. M.a.w al kan u net een ouer oortuig om hulle kind wat wil aansluit toe te laat om aan te sluit, is dit 'n ongelooflike verskil wat u in die kind se lewe bewerkstellig. Dit maak alles die moeite werd.
3. Die praatjie moet kort, maar kragtig wees. Mik vir 3 minute en op die uiterste 5 minute. Die ouers is nie by die oueraand om vir Die Voortrekkers te kom luister nie en die skool, hoof en onderwysers doen ons 'n guns om ons daar toe te laat. Daar is nie regtig tyd om oor die geskiedenis van Die Voortrekkers te gesels of staaltjies uit ons penkop- of drawwertjiedae op te diep nie.
4. In die 3 minute wil ons aan die ouer 'n behoefte van die kind wat deur Die Voortrekkers gevul word uitwys en 1 tot maksimum 3 redes gee waarom dit belangrik is dat hierdie behoefte bevredig word.
5. Die maklikste rede kan direk uit die ouerinligtingstuk geneem word, of beter nog een van die 14 items vanaf die Hou Koers webwerf -> Hoekom 'n Voortrekker. Die items op die webwerf stem ooreen met die inligtingstuk. Die ouer het in die inligtingstuk 31 redes waarom hy/sy hulle kind behoort toe te laat om aan te sluit. Ons wil verkieslik nie dit wat in die inligtingstuk is vir hulle teruglees nie, maar dit in ander woorde weergee. Dit is waarom die items op die webwerf (wat Die Voortrekkers bied of wat dit in 'n kind ontwikkel) feitlik net so gebruik kan word.

4.1.2 Wees voorbereid

Alhoewel ons oor die kind se behoeftes praat, is daar gewoonlik verskillende behoeftes of vrese by ouers oor hulle kinders afhangende van die ouderdom van hulle kinders. As voorbeeld: Ouers van kinders in Graad O of 1 is gewoonlik bekommerd of hulle kinders gaan maats hê en gaan inpas. Ouers van kinders in Graad 4 is bekommerd oor of hulle kinders akademies die mas gaan opkom met eksamens. Ouers van kinders in Graad 7 en meer nog in Graad 8 en 9 is bekommerd of hulle kinders die tienerfase gaan deurgaen sonder gevaarlike gedrag en ook of hulle gaan presteer.

1. Kies een van die “Die Voortrekkers ontwikkel in jou kind” of “Die Voortrekkers bied” wat sal spreek tot die meeste ouers teenwoordig as kernbehoefte wat aangespreek word.
2. Dit is slegs 3 minute, dit is nie nodig om alles in papier voor u te hê nie.

4.1.3 Element van praatjie

1. Groet, bedanking en versekering dat die praatjie kort gaan wees.
2. Kry deelname vanaf ouers deur te vra:
 - a. “Ek wil myself net vergewis van watter inligting ek moet deurgee. Wie van u was as kind self ‘n Voortrekker?”
 - b. As iemand hand opsteek: “Ek is seker u het baie aangename herinneringe aan daardie dae”.
 - c. “Wie het nog nooit van Voortrekkers gehoor nie of weet nie wat Voortrekkers is nie?”
 - d. Daar mag sulke persone teenwoordig wees. As daar ‘n beduidende aantal is sal u klein bietjie agtergrond moet gee.”
 - e. As daar net ‘n paar is, sê net hulle kan u na die tyd agter in die saal, by die tafel of stalletjie kry na gelang van omstandighede.
3. Bevestig dat ouers inligtingstukke by deur ontvang het wat 31 redes gee waarom dit voordelig is vir ‘n kind om by Die Voortrekkers aan te sluit. Moedig hulle aan om verder op te lees.
4. Bied die kernbehoefte en motivering aan.
5. Vertel dat die kinders video gesien het en hoeveel belangstelling daar was, veral by die laer grade.
6. Dui aan ouers aan wat u/ons van hulle verwag: om hulle kinders die kans te gun as hulle wil deelneem en om hulle nie te dwing om deel te word as hulle nie wil nie. Om die skeurstrokie in te vul.
7. Indien daar ‘n tekort aan offisiere gaan ontstaan, kan ‘n versoek aan ouers om self deel te word gerig word. Hierdie moet slegs in uiterste omstandighede gedoen word om aan die behoefte van die kinders te help voldoen. ‘n Offisiere tekort mag veroorsaak dat ouers nie hulle kinders bring nie
8. Gee die datum, tyd en plek van die kommando-opening of eerste funksie aan ouers en vertel waar hulle meer inligting elektronies kan kry.
9. Bevestig dat ouers na die byeenkoms meer inligting kan ry agter in die saal of by ‘n tafel/stalletjie na gelang van omstandighede, as hierdie nie reeds in (2) gedoen is nie.

Dit behoort duidelik te wees dat om hierdie 9 elemente in te werk in 3 tot 5 minute nie kinderspeletjies is nie. Die voordeel is dat daar nie veel sinne is om te onthou onder elke punt nie.

4.2 Voorbeeldpraatjie

“Geagte meneer (skoolhoof se van), onderwysers, dames en here. Baie dankie vir die geleentheid en vir u tyd. Ek weet u is nie eintlik hier om na my te luister nie, daarom sal ek baie vinnig wees.

Net om myself te vergewis, kan u dalk aandui hoeveel van u self as kind ‘n Voortrekkers was?”.
Pouse en kyk deur gehoor.

“Dis goed om te sien en ek is seker u het baie aangename herinneringe aan u Voortrekkerdae. Hoeveel van u het nog nooit van Die Voortrekkers gehoor nie?”

Pouse en kyk deur gehoor. Aanvaar geen hande.

“Dis net so goed om te sien. Dit is vir my aangenaam om u te kan meedeel dat ons Voortrekkers hier by die skool het en dat dit baie goed gaan met ons plaaslike Voortrekkers.”

“U het almal by die deur ‘n inligtingstuk ontvang wat 31 voordele lys wat Die Voortrekkers u kind bied. Ek wil u aanmoedig om dit deur te lees en selfs verder op te lees oor die onderwerp.”

“Vanaand wil ek net oor een van die voorbeelde op die lys praat:

Die Wen-Wen mentaliteit is die mentaliteit wat in die samelewing in die meeste plekke benodig word. Dit geld vir die huwelik, gemeenskap, kerk en selfs die werksplek. Die samelewing verwag van ons om met mense saam te werk wat min eienskappe of talente met ons deel.

Die Voortrekkers is waarskynlik die enigste aktiwiteit waar 'n kind verplig word om in 'n span saam te werk sonder dat daar 'n kompetisie element is.

Kinders kompeteer nie teen mekaar vir 'n plek in die span nie. Kinders word nie deel van die span omdat hulle oor 'n spesifieke talent beskik nie.

Dit beteken dat die kinders leer om saam te werk en op mekaar se talente staat te maak. Op hierdie wyse leer hulle nie net van kleins af 'n wen-wen mentaliteit aan nie. Hulle ontwikkel ook hulle eie talente beter omdat die span daarop staatmaak.

Speel-speel ontwikkel die kinders dus die vermoë om sinergie in 'n groep te bewerkstellig.

In die werksplek is 'n wen-wen mentaliteit van die uiterste belang. U kind gaan eendag moet werk in 'n span met 'n verskeidenheid van aanlegte en talente.”

“Ons het Maandagoggend 'n video aan die kinders gewys oor wat Voortrekkers doen. Ek is seker baie van u het reeds 'n belangstellingsbriefie by u kind gekry, want 100% van die Graad O-3's het aangedui dat hulle graag wil aansluit en helfte van die Graad 4 tot 6e”. Gebruik die werklike ramings wat tydens die vertoon van die video gemaak is.

“Ons vra u nie om u kind by Die Voortrekkers te laat aansluit nie. Ons vra u om dit ernstig te oorweeg om u kind nie te weier as u kind by Die Voortrekkers wil aansluit nie”.

“As u asseblief die belangstellingsbriefie wat u kind ontvang het kan invul en ingee by die skoolkantoor, sal ons u kontak met meer besonderhede.”

“Die Voortrekkers begin Vrydagaand, 23 Januarie om 18h00 met 'n vergadering en bring-en-braai vir alle belangstellendes.”

“'n Brief oor Die Voortrekkers se opening op is beskikbaar op die 'School Communicator'. As u enige meer inligting nodig het, is ons ook by die tafel agter in die saal beskikbaar na hierdie vergadering. Weereens, baie dankie vir u tyd.”

5 Opvolg en Metings

Dit is belangrik dat:

1. Skeurstrokies daagliks by die kantoor afgehaal word.
2. Elke strokie opgevolg word.
3. Die kontakbesonderhede van elke kind en ouer aan die betrokke spanoffisiere oorhandig word.

Om te leer uit die oefening vir volgende, behoort die kommando rekord te hou van die volgende:

1. Aantal belangstellingsbriefies deur kinders geneem.
2. Aantal ouers bereik met die ouerpraatjie.
3. Aantal belangstellingsbriefies terug ontvang.
4. Aantal kinders toegedeel vir opvolging deur spanoffisier.
5. Hoeveel van hierdie uiteindelik registreer.
6. Waarom spesifieke kinders nie aansluit nie.